# DIE SKIETLOOD

202e Uitgawe 20 Mei 2022
saam met Koersvas 202

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in die *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr Johan Otto

## Die Dordtse Leerreëls

**Hoofstuk 3 en 4: Die verdorwenheid van die mens, sy bekering tot God en die wyse waarop dit plaasvind**

**Teks 11.** *Verder: wanneer God sy welbehae in die uitverkorenes tot uitvoering bring en die ware bekering in hulle werk, dan laat Hy die evangelie nie net uiterlik aan hulle verkondig nie. Hy verlig ook nie net hulle verstand kragtig deur die Heilige Gees, sodat hulle die dinge van die Gees van God reg verstaan en onderskei nie. Maar deur die kragtige werking van dieselfde Gees, wat die wedergeboorte skenk, dring Hy ook deur tot in die binneste dele van die mens, open Hy die geslote hart, versag Hy wat hard is en besny Hy wat onbesnede is. In die wil stort Hy nuwe eienskappe in en maak die wil, wat dood was, lewend; wat sleg was, goed; wat onwillig was, gewillig en wat ongehoorsaam was, gehoorsaam. Hy beweeg en versterk die wil sodat dit, soos 'n goeie boom, vrugte van goeie werke kan dra. Cæterum, quando Deus hoc suum beneplacitum in electis exequitur, seu veram in iis conversionem operatur, non tantum Evangelium illis externe prædicari curat, et mentem eorum per Spiritum Sanctum potenter illuminat, ut recte intelligant et dijudicent quæ sunt Spiritus Dei, sed ejusdem etiam Spiritus regenerantis efficacia ad intima hominis penetrat, cor clausum aperit, durum emollit, præputiatum circumcidit, voluntati novas qualitates infundit, facitque eam ex mortua vivam, ex mala bonam, ex nolente volentem, ex refractaria morigeram, agitque et roborat eam, ut, ceu arbor bona, fructus bonarum actionum proferre possit.*

**Verklarende kommentaar**

Die volgende deel van die uitleg van die Dordtse leerreëls verduidelik wat gebeur wanneer mense tot geloof kom. Soos reeds in die tiende argument gesien, geloof is 'n gawe van God. Die Evangelie word aan alle mense verkondig en die gelowiges neem die Evangelie aan. Wanneer dit gebeur is dit nie die einde van die interaksie tussen God en mens nie, die Evangelie word nie net uiterlik aan mense verkondig nie. Saam met ware bekering bring die Here die mens se verstand ook in die lig deur Sy Gees. Die Heilige Gees lei ons denke sodat ons die dinge van die Gees reg verstaan en kan onderskei. Hierdie bekering staan ook bekend as die wedergeboorte. Wedergeboorte is daardie gebeurtenis waar die mens tot geloof kom deur die leiding van die Heilige Gees. Getrou aan die konsep moet ons die uitvoering radikaal verstaan. Die Evangelie raak nie net hart of verstand aan nie. Die Evangelie sny tot in die diepste van menswees, raak die hele menswees aan. Dit open die mens se geslote hart - met ander woorde dit spreek tot in die binnekamer van jou diepste en mees intieme gedagtes en gevoelens. Nie net reik tot in jou diepste wese nie, die Evangelie verander ook die mens in sy totaliteit. Enige deel van die mens wat weerstand kan bied (verhard en ontoeganklik is) word so getransformeer dat die hele mens vatbaar is vir die werking van die Heilige Gees.

Die Heilige Gees wy aan God (besny) die wat voorheen aan die wêreld

(onbesnede) behoort het. Die mens word derhalwe gerig op God en God se sake. Dit lei daartoe dat die mens wat dood was vir God en die ewige lewe, nou in God lewe en in die ewigheid mag ingaan. Die mens se slegte wil en strewe na die sonde en dood word vervang met 'n wil wat daarna strewe om God gehoorsaam te wees en God te behaag. Die mens is in die nuwe lewe gehoorsaam en gewillig om na God te luister en te doen wat God gebied.

Die nuwe mens wat na sy wedergeboorte gehoorsaam is aan God, se lewe dra nou ook goeie vrugte. In doen en late word die wil van God sigbaar in die lewe van die wedergeborene. Geloof is met ander woorde ook ‘n saak van doen. Dit waarvan die hart vol is, loop die mond van oor, dit wat in die hart lewe, kry gestalte in elke mens se doen en late. Hierdie goeie vrugte is teken van die mens wie se wese aan God gewy is. Dit is nie die totaliteit van menslike handeling wat hier ter sprake kan wees nie, ons is steeds in hierdie bedeling. Wat wel radikaal verstaan moet word, is die totale nuwe moontlikheid en werklikheid wat deur die Heilige Gees bewerkstellig word.

**Teks 12**. *Dit is die wedergeboorte, die nuwe skepping, die opwekking uit die dood en die lewendmaking waarvan die Skrif so heerlik spreek wat God sonder ons in ons werk. Dit alles word glad nie deur die uiterlike prediking alleen, deur morele oorreding of op enige ander wyse in ons gewerk nie, sodat, na die voltooiing van God se werk, dit dan in die mens se mag sou lê om weergebore te word of nie, om bekeer te word of nie. Dit is 'n volkome bonatuurlike, baie kragtige en tegelyk baie aangename, wonderlike, verborge en onbeskryflike daad van God. Volgens die getuienis van die Skrif wat deur Hom, die Outeur van hierdie werkinge, geïnspireer is, is dit in sy krag nie minder of geringer as die skepping of die opwekking van die dooies nie. Die gevolg is dat almal in wie se harte God op hierdie wonderlike wyse werk, sekerlik, onfeilbaar en kragdadig weergebore word en daadwerklik glo. Dan word die wil, wat nou vernuwe is, nie alleen deur God gedryf en beweeg nie, maar omdat dit deur God beweeg word, werk dit ook self. Daarom word ook tereg gesê dat die mens, deur die genade wat hy ontvang het, glo en hom bekeer.* *Atque hæc est illa tantopere in Scripturis prædicata regeneratio, nova creatio, suscitatio e mortuis, et vivificatio, quam Deus sine nobis, in nobis operatur. Ea autem neutiquam fit per solam forinsecus insonantem doctrinam, moralem suasionem, vel talem operandi rationem, ut post Dei (quoad ipsum) operationem, in hominis potestate maneat regenerari vel non regenerari, converti vel non converti; sed est plane supernaturalis, potentissima simul et suavissima, mirabilis, arcana, et ineffabilis operatio, virtute sua, secundum Scripturam (quæ ab Authore hujus operationis est inspirata) nec creatione, nec mortuorum resuscitatione minor, aut inferior, adeo ut omnes illi, in quorum cordibus admirando hoc modo Deus operatur, certo, infallibiliter, et efficaciter regenerentur, et actu credant. Atque tum voluntas jam renovata, non tantum agitur et movetur a Deo, sed a Deo acta, agit et ipsa. Quamobrem etiam homo ipse per gratiam istam acceptam credere et resipiscere recte dicitur.*

**Verklarende kommentaar**

In die vorige paragraaf is verwys na die wedergeboorte. Hierdie wedergeboorte is God se werk - los van enige menslike denke, poging of inisiatief. Die resultaat is dat die mens wat voorheen dood was die ewige lewe bekom. God doen dit **vir** die mens, **in** die mens **sonder** dat die mens enige verdienste-, meriete het of inisiatief toon. Hoe gaan die mens hierdie Goddelike weldaad probeer toe-eien of oorneem?

Die eerste gedagte sal wees om te verwys na kragtige prediking om 'n sterk morele aanspraak wat gemaak word. Die veronderstelling hier is dat die mens aan die een kant so goed kan wees met verkondiging of die daarstel van 'n morele aanspraak, dat dit menige mense sal oortuig. Aan die ander kant is die veronderstelling dat die mens op 'n sekere vlak vatbaar is en deur argumente oor-gewen kan word of positief kan reageer op 'n morele aanspraak. Daar sou dalk selfs 'n ander menslike meriete of prestasie veronderstel word. Enige sodanige menslike oorwinning is uitgesluit. Daar is geen menslike prestasie of vermoë wat saam met die Here of teen die Here kan werk nie.

God se weldaad aan die mens bly ‘n geheimenis in terme van die werking en krag daarvan. Dit sal altyd 'n onbeskryflike werking van die Heilige Gees wees. Selfs met dit gesê, is daar tog sekere sake wat uitgelig kan word. Hierdie werking van die Heilige Gees in die mens is volkome bonatuurlik, met ander woord die totale oorsprong en aard van die werking kan nêrens in die skepping teruggevind word nie. Dit is God se totale ingrepe van buite die mens se werklikheid. Hierdie kragtige werking kan die mens met angs en vrees vul weens die ongekende kragtige werking. Tog is die ervaring van hierdie werking aangenaam en wonderlik. Dit is ‘n positiewe ervaring; anders as met ander aardskuddende gebeurtenisse in ons lewens. Dit is 'n volkome bonatuurlike, baie kragtige en tegelyk baie aangename, wonderlike, verborge en onbeskryflike daad van God.

Die krag waarmee God die wedergeboorte bewerkstellig, moet nie onderskat word nie. Dit is nie hiperbool om dit ‘n ontsettend kragtige daad te noem nie. Die Bybel – wat deur God geïnspireer is – beskryf hierdie kragtige werking van God in die mens as gelyk aan die skepping en die opwekking van die dooies. Dit is met ander woorde ‘n uiters kragtige daad van God wat lei tot wedergeboorte. Dit moet nie gering geag word nie omdat die Gees se werking hier gelykstaande is aan die werking van die Gees by die skepping van die heelal.

Wanneer die Here deur Sy Gees so kragtig in die mens werk, is die gevolg dat daardie mens weergebore word – dit is om nuwe mens te word wat in geloof die LEWE ontvang. Hierdie weergebore mens glo ook daadwerklik; dit wil sê sy dade pas aan by die nuwe oortuiging wat in hierdie mens lewe. Die radikale en kragtige aard van die wedergeboorte kan illustreer word deur te verwys na die mens se wil. Dit was die mens se wil wat gelei het tot die sondeval, die mens wat sy wil bo die wil van God gestel het. Hierdie korrupte en verwronge wil word nou deur die Here herskep en hervorm. Die werking is so sterk dat die mens se wil wat vernuwe is en deur God aangedryf word, ‘n eie momentum kry en self begin kies om die Here te dien en gehoorsaam. Dit is hierdie genade wat die mens ontvang het, wat maak dat die mens kan verwys na sy bekering en geloof.

**Teks 13.** *Die aard van hierdie werking kan die gelowiges in hierdie lewe nie volkome begryp nie. Intussen is dit vir hulle 'n gerusstelling dat hulle weet en oortuig is dat hulle deur hierdie genade van God van harte glo en hulle Verlosser liefhet.*

*Modum hujus operationis fideles in hac vita plene comprehendere non possunt; in eo interim acquiescentes, quod per istam DEI gratiam, se corde credere, et Servatorem suum diligere, sciant ac sentiant.*

**Verklarende kommentaar**

Die feit dat die bron van hierdie kragtige werking in die mens bonatuurlik is, maak dat selfs die mees intelligente mens nie by magte is om die werking ten volle te begryp of beskryf nie. Die mens is by magte om ten dele te verstaan en te begryp, maar nie die volle aard en omvang te verstaan nie. 1 Korintiërs 13:12 "*Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is*." Die feit dat ons dit nie ten volle kan verstaan nie, neem nie weg dat ons tog deur die gedeeltelike kennis getroos kan word nie. Al ken ons ten dele, weet ons en glo ons ten volle en van harte dat ons God lief het, in God glo en deur Sy genade lewe en sal LEWE. Hierdie wete stel ons gerus en oortuig ons van die nuwe situasie waarin ons is.

**Teks 14.** *So is die geloof dan 'n gawe van God, nie omdat dit deur God aan die vrye wil van die mens aangebied word nie, maar omdat dit aan die mens inderdaad geskenk word en vir hom ingegee en ingestort word. Ook is dit nie so dat God net die vermoë om te glo gee nie en daarna van die vrye wil van die mens die instemming of die daadwerklike geloof verwag nie. Sowel die wil om te glo as die geloof self word in die mens tot stand gebring. Immers, Hy wat in die mens werk om te wil sowel as om te werk, bewerk alles in almal.* *Sic ergo fides Dei donum est, non eo quod a Deo hominis arbitrio offeratur, sed quod homini reipsa conferatur, inspiretur, et infundatur. Non etiam quod Deus potentiam credendi tantum conferat, consensum vero seu actum credendi ab hominis deinde arbitrio expectet, sed, quod et velle credere, et ipsum credere in homine is efficiat, qui operatur et velle et facere, adeoque omnia operatur in omnibus.*

**Verklarende kommentaar**

Hierdie hoofstuk van die Dordtse leerreëls is daaraan gewy om aan te dui hoe sondig die mens is, sy bekering en die manier waarop dit plaasvind. Binne die konteks van die hoofstuk en na die vorige artikels kan hierdie artikel gesien word as 'n opsomming en logiese gevolgtrekking ten opsigte van argumente reeds gevoer.

Geloof is 'n gawe van God. Dit is nie binne ons vermoë om te begryp hoe dit gebeur nie. Die Here gee aan die mens geloof. Die mens se vrye wil is nie die gewillige vennoot wat die aanbod van God aanneem of toe-eien nie. 'Gawe' moet met ander woorde nie verstaan word as 'n vrye aanbod wat opgeneem kan word nie. Daar is geen inisiatief of prestasie betrokke van die mens se kant nie. Lesers moet onthou dat ons hier besig is om vanuit 'n besondere perspektief na redding te kyk. Binne hierdie perspektief is daar geen ruimte vir selfs sprake van menslike inisiatief nie.

Die volgende radikale stelling word dan gemaak. God gee nie eens die vermoë om te glo aan die mens en verwag dan dat die mens kan of moet kies nie. Die Dordtse leerreëls handhaaf dat die mens geen aandeel het in sy saligheid en redding nie. God gee geloof en God red die mens. Dit is moontlik om hierdie standpunt te ondersteun in soverre dit gaan oor enige menslike aanspraak op self-redding.